# ADVERTEER JOU BESIGHEID

IN LAERSKOOL PIERNEEF SE SKOOL DAGBOEK VIR 2022

VIR MEER INLIGTING KONTAK ZOË COERTZE

079 407 5863 ZOE@PRODUCTIONX.XO.ZA

LAERSKOOL PIERNEEF

L P

STAAN VAS


# FAMILIE KERSBOOM!

ONS GAAN N OULIKE FAMILIE KERSBOOM MAAK VAN KLEI VIR DIE FEESTYD, HIER BY DIE SKOOL!

KOSTE R 240 (ALLES INGESLUIT)
KONTANT OF EFT
2 MAAK LESSE: 22 & 29 OKTOBER
2 VERF LESSE: 5 & 12 NOVEMBER

NAAM VAN SKOOL : _______________
NAAM VAN KIND EN KLAS :_______________
OUER TEL NR _________________

BEAUX ARTS ABSA TJEK 404 951 6808
TAK : 632005
VERW: KIND SE NAAM EN SKOOL
BV JULIA MAYVILLE

NAVRAE : SANTIE 083 407 3112







Franchisee : Léchelle Basson
081 561 4886 | mootmontana@littlereaders.co.za


**0/13 HOKKIE**

Hoërskool Oos-Moot wil graag die 0/13 leerders uitnooi om saam te kom oefen.

**Tyd:** Donderdae 14:00 tot 15:30

**Plek:** Hoërskool Oos-Moot

Leerders is welkom om net op te daag.

Vir hokkie navrae kontak asseblief Me. V. Gertzen (v.gertzen@oos-moot.co.za)

www.laerskoolpierneef.co.za

# LAERSKOOL PIERNEEF


Pierneefstraat 940, Villieria, 0186 • Posbus 26042, Gezina, 0031 • (012) 329-2369 • (012) 329-2383


L P STAAN VAS

## Omsendbrief 36/2021
## 8 November 2021

**GRAAD 7 AFSKEID**

Die Graad 7 afskeid vind 3 Desember 2021 plaas. Die skrywes is reeds aan leerders uitgegee.



**PAKKETTE 2022**

Die pakkette vir volgende jaar is soos volg:

Gr. RR - R350-00
Gr. R - R370-00
Gr. 1 - R580-00
Gr. 2 - R550-00
Gr. 3 - R470-00
Gr. 4 - R400-00
LSEN vlak 1tot 3 - R350-00
LSEN vlak 4tot 5 - R350-00
Gr. 5 - 7 Geen Pakkette (lyste sal verskaf word.

Al die leerders sal vandag die nuwe pakketlyste ontvang.

Die pakkette is tans nog nie beskikbaar nie, maar betalings kan solank gedoen word. Bewys van betaling tesame met die pakketvorm kan gestuur word na: finansies@laerskoolpierneef.co.za.

Sodra die pakkette ontvang is, sal u gekontak word.

**SKOOLFONDS 2022**

Tydens die begrotingsvergadering is die nuwe skool– en naskoolgelde vir 2022 voorgelê en is goedgekeur.

Die tariewe vir 2022 is as volg:

**1. SKOOLFONDS - Gr. RR tot 7**

Die skoolfonds beloof R1200-00 per maand per kind vir 11 maande (R13200-00).

Indien skoolgelde ten volle betaal is teen 31 Januarie 2022 kwalifiseer u vir 'n 10% korting (R13200-00 minus R1320-00 = R11880-00).

**2. NASKOOL**

Die gelde vir 2022 vir die naskool beloop R570-00 per leerder per maand.



**NASKOOL**

Die naskool sluit 15 Desember 2021 en sal weer op 10 Januarie 2022 oop maak.

Let ook asseblief op die nuwe naskool tariewe.

**NASKOOL - VORMS UITSTAANDE**

Daar is steeds heelwat vorms uitstaande.

Ons doen 'n beroep op ouers wat nog nie die vorms ingedien het nie, om dit asseblief so spoedig moontlik skool toe te stuur of u kan dit elektronies stuur na: admin@laerskoolpierneef.co.za.



**FINANSIES**

Baie dankie vir betalings ontvang ten opsigte van skoolfonds.

Uitstaande skoolfonds moet asseblief so gou moontlik vereffen word.

Vir enige verdere navrae, kan u 'n e-pos stuur na Magda Schutte finansies@laerskoolpierneef.co.za



**INTERHUIS-ATLETIEK**

Baie dankie aan al die ouers wat gehelp het om van die Interhuis byeenkoms 'n sukses te maak. Die leerders wie se items nog nie afgehandel is nie, moet asseblief elke dag hul atletiekklere saambring. Dit sal deur die loop van die week afgehandel word indien die weer dit toelaat.



**EDUDOME INSTAPPIE.**

Die tweede helfte van die leerders gaan Dinsdag, 9 November 2021 die instappie kan bywoon.

Baie dankie aan die ouers wat 'n leerder geborg het.



**MERIETE-AAND**

Die meriete-aand vind plaas hierdie Donderdag 11 November 2021. Skrywes met al die inligting sal aan die leerders uitgegee word.



**VAKANTE POSTE: NASKOOL**

1. **Naskool Assistent**
   Pligte:
   Moet toesig hou by Gr. RR en R leerders.
   Tyd: 11:00 tot 18:30
2. **Naskool Algemene werker**
   Voedsel voorbereiding volgens vooropgestelde spyskaart.
   Toesien van algemene netheid van die naskool.
   Tyd: 08:30 tot 14:30

CV's kan by die kantoor ingehandig word voor of op Woensdag 10 November 2021.






**TOETSREEKS**

Die toetsreeks vir Graad 4 tot 7 begin volgende Maandag 15 November 2021.

Ons doen 'n beroep op ons ouers om asseblief toe te sien dat u kind goed voorberei.

Baie sterkte aan al die leerders.

Pieries wees veilig! Dra jou masker.

